Ek kyk op na die wolke…
na die stille lugstrome en swaeltjies.
Onwillig kom die stem by my op:
Waarvandaan sal my hulp kom,
as my Here nou aan die regterhand daarbo sit?

‘n Man geklee in wit, nader my met ‘n glimlag.
Mensekind, waarvoor staar jy so na bo?
Het jou hart vergeet van wat jy glo?
Hy wat was en is, sal weer kom.
Waarom staan jy so verstom?

Vat my hand, kom ons gaan…
Die werk is hier en nou,
‘n wêreld honger vir liefde.
Hierdie Jesus leef voort in die harte wat hom dien,
vat my hand, glo en hoop, en jy sal sien.

*- NiemandtBesonders*

Valleisig
GEMEENTE